An AIChE Technology Alliance
CCPS
Center for Chemical Process Safety
www.aiche.org/ccps

Process Safety Beacon
http://www.aiche.org/CCPS/Publications/Beacon/index.aspx
**Boodskap aan bedryfspersoneel**

**Die uitgawe is geborg deur:**
ioMosaic
www.iomosaic.com

# Bedryf tydens vakansies

**November 2013**












Wat gebeur by die aanleg tydens vakansietyd? Sommige aanlegte sluit of verminder produksie. Terwyl die proses staan is toerusting dalk in 'n nie-standaard kondisie. Selfs al is die aanleg afgesluit, is daar waarskynlik steeds gevaalike materiaale in die stoortenks en toerusting. Tydens die afsluiting word toerusting waarskynlik oopgemaak vir instandhouding. Dit kan insluit herstelwerk, inspeksies en selfs aanlegveranderinge veranderinge. (MOC) Tydens so 'n afsluiting is daar waarskynlik meer kontrakteurs teenwoordig as permanente werknemers. Na die vakansie word die aanleg weer in bedryf gestel, soms nadat veranderinge gemaak is.

Ander aanlegte hou normale produksie vol deur die vakansietyd maar met minder mense, en die minder kritiese aktiwitwite word uitgestel sodat somige mense met vakansie kan gaan. Daar is minder bestuurders, toesighouers en tegniese personeel wat kan raad gee en ondersteun.

## Wat kan jy doen?

- ➔ Die gevare van die aanleg nie vakansie hou nie! Wees op jou hoede en gee aandag aan prosesveiligheid.
- ➔ Tydens die vakansietyd moet jy altyd jou werk skedule in gedagte hou. Maak seker jy kry genoeg slaap en dat jy elke dag gereed is vir werk.
- ➔ Wees beskikbaar as daar van jou verwag word om in vakansietye te werk. Moenie van ander mense verwag om oortyd te werk omdat hulle vir jou moet instaan nie! 'n Uitgeputte en oorwerkte kolega kan makliker 'n fout maak en 'n ongeluk veroorsaak.
- ➔ Onthou dat selfs al is die aanleg afgesluit, moet alles nog steeds dopgehou word soos temperature en druk. Soms word sirkulasie volgehou soos byvoorbeeld 'n distillasiekom onder totale refluks. Wees op jou hoede vir prosesafwykings wat mag voorkom.
- ➔ Onthou dat stoortenks en toerusting nog steeds gevaarlike materiale kan bevat, al is die aanleg afgesluit. Doen die roetine inspeksies wat nodig is.
- ➔ Moenie huiwer om bestuurders of tegniese personeel te kontak as jy vermoed daar is 'n probleem nie. Selfs al is hulle met vakansie is die aanleg nog steeds vir hulle belangrik!
- ➔ As daar kontrakteurs werk, maak seker hulle volg die aanleg se prosedures vir kontrakteurs.
- ➔ Na die vakansie moet die aanleg weer in bedryf gestel word. Volg die prosedures stiptelik. Maak seker inbedryfstellings nagaanlyste en voorbereiding word nougeset gedoen. (Pre Start-up Safety Review) Dis veral noodsaaklik as daar aanleg veranderinge gemaak is.

***Vakansie is lekker om te geniet en te vier, maar by die werk wil ons graag veilige bedryf vier!***

AIChE © 2013. All rights reserved. Reproduction for non-commercial, educational purposes is encouraged. However, reproduction for the purpose of resale by anyone other than CCPS is strictly prohibited. Contact us at ccps_beacon@aiche.org or 646-495-1371.

**The Beacon is usually available in Arabic, Afrikaans, Chinese, Czech, Danish, Dutch, English, French, German, Greek, Gujarati, Hebrew, Hindi, Hungarian, Italian, Japanese, Korean, Malay, Marathi, Norwegian, Persian, Polish, Portuguese, Romanian, Russian, Spanish, Swedish, Telugu, Thai, Turkish, and Vietnamese.**